Pa, jy is gesalf tot Koning, Priester en Profeet van jou huisgesin.

Ds. Willem Louw: NG Kerk Miederpark

Skrif. Ef.5:21-25 en Spr.4:1 "*Kinders, neem die opvoeding wat 'n vader julle gee, ter harte; slaan daarop ag, sodat julle kan leer wat insig is".*

Dankie aan al die mammas wat met soveel toewyding hul gesinne versorg. 'n Huis kan nie sonder die sagtheid, warmte en liefde van 'n moeder funksioneer nie. Ek sou graag vandag met beide die ma's en pa's wou praat, maar tyd ontbreek om dit in een boodskap te doen. Daarom gaan ek vandag my op die pappas toespits.

Ek het onlangs by 'n gesin gesit wat baie hartseer is. Die man het ontrou aan sy vrou geraak, die gesin verlaat en by ander vroue begin kuier. Die dogters was reeds vir jare, gebroke oor hul pa se swak gedrag. Die gevolg daarvan is dat die dogters vandag 'n weersin in alle mans ontwikkel het en selfs sukkel om geestelik met God as Vader figuur te kommunikeer.

Pa's moet weet dat hul verhouding met hul vrou en kinders, 'n direkte invloed het op die ontwikkeling van hul kinders se geloofslewe.

Goeie pa's is lief vir hul vrou en kinders en moedig gesinslede aan om mekaar te ondersteun. 'n Goeie pa skep 'n veilige hawe waar sy kinders kan opgroei. Hy help sy kinders tree vir tree om finansieel selfstandig en emosioneel volwasse te word.

Alle pa's is nie onverantwoordelik nie. Daar is talle goeie pappas. Ek wil vandag dankie sê aan die pa's wat deur hul besige programme tyd maak om saam met hul kinders te speel, en in hul gesinslede se doen en late belangstel, hulle aanmoedig, raadgee en begelei.
Dankie dat jy jou gesin leer hoe om swaarkry te hanteer. Dankie dat jy jou kinders leer om te waardeer wat hulle het. Dankie vir jou vrygewigheid. Dankie dat jy hulle leer om hul verhouding met God te koester. Dankie dat jy hulle leer om hul gawes en talente in God se diens aan te wend!

Vir die goeie pa's wil ek sê: Pa, jy moet vandag weet, dat jou gesin na jou opkyk en jou bedank dat jy 'n rotsvaste pa is. Dat jy 'n voorbeeldige leier is. Jy word deur jou gesin opreg waardeer. Jou liefde en ondersteuning kan met geen

geld in die wêreld vervang word nie. Jy moet vandag weet; dit is nie net jou bloed wat in jou kinders se are vloei nie, maar ook **jou opvoeding, gaan lank nadat jy gesterf het, in hulle bly voortleef.**

Ek wil graag vandag vir alle pappas en ook die toekomstige pappas, uit die Woord van die Here wys hoe belangrik en kosbaar hul rol in hul huisgesin is.
Pa, jy is nie toevallig in jou huis nie! God het jou gesalf tot Koning, Priester en Profeet van jou huishouding. Die Woord van die Here wil vandag elke pappa herinner aan sy verantwoordelikheid as hoof van sy huis. Indien u reeds geskei is, en reeds vergifnis by God ontvang het vir die dinge wat verkeerd geloop het in u vorige huwelik, moet u weet, die Here het u vergewe. Daar lê ’n nuwe toekoms voor jou oop. Luister dan na hierdie boodskap met die wete dat u nuut kan begin.

1. Die man is Koning oor sy huishouding

Waar kry ’n koning sy mandaat? God salf hom tot koning. ***In 1Sam.10:1 lees ons Samuel het ’n kruik met olie gevat en dit oor Saul se kop uitgegiet, hom gesoen en gesê: die Here het jou as regeerder oor sy besitting gesalf…”*** Besef jy dat alles wat jy is en het van God af kom? Dat God jou as regeerder (hoof) oor jou huisgesin aangestel het? (Gen3:16 en Ef.5:23-25). Die Bybel verwag dat jy as koning oor jou huisgesin sal regeer.

Pa, die dag toe jy met jou vroutjie **getrou het**, het jy verklaar dat jy haar liefhet, en onderneem om haar met jou lewe te beskerm en te versorg. Die dag toe jy jou **doopbeloft**e voor die kansel saam met jou vroutjie afgelê het, het jy onderneem om jou kinders vir God groot te maak.
Wat doen ’n koning?

- **’n Koning is in beheer en heers.**

’n Koning is in beheer van alles wat in sy koninkryk gebeur. Hy weet wat in sy koninkryk aangaan. Hy gee om vir elkeen in sy koninkryk. Hy gee met waardering erkenning aan dit wat elkeen goed doen. Hy moedig aan, maar hy vermaan ook waar die standaarde val. Hy skep sekuriteit in sy koninkryk deur billike reëls en regulasies. Elke arbeider weet presies wat van hom of haar verlang word. Elkeen weet ook wat die gevolge sal wees as die reëls oortree word.

Pa, is jy in beheer van jou huishouding? Het jou huis Christelike waardes en norme wat dit lekker en aangenaam maak vir elkeen om daar tuis te voel? Ken jou kinders die reëls in die huis? Help jy jou vrou met die dissipline in die huis? Of, leef julle

by mekaar verby, soos bote op die groot oseaan, wat vaar waar en wanneer elkeen wil?

Kinders hou van reëls al mor hulle daaroor. Hulle voel veilig binne die sekuriteit van ŉ ouerhuis. Ja hulle sal kort-kort die grense beproef. Hulle sal kyk of pa werklik bedoel wat hy sê. Hulle sal die grense probeer oorsteek, maar hulle sal die straf met ’n lekker hart vat as hulle weet pa is in beheer.
Ek het al dopgehou hoe streng die Olifante oor die klein olifant kalfies waak. Die olifantbul sal sy ore waarskuwend flap as jy dit naby die kalfie waag. Die volwasse olifantbul en koei sal die kalfie dissiplineer om saam met die trop te beweeg. As die kalfie afdwaal sal hulle die kalf liggies met hul slurp of tande aankeer. Die natuur leer dat selfs die Olifantbul oor sy trop regeer!

- **’n Koning gedra hom waardig**

ŉ Koning is waardig. Almal in sy koninkryk wil graag met trots opkyk na hul leier en hom met respek en agting dien. ŉ Koning wat hom wangedra, word verag.

Pa, jy moet besef, jou gesin wil na jou opsien en jou bewonder. Hoe kan ŉ pa verwag sy kinders en vrou na hom moet opsien, as hy hom wangedra in sy huis? ŉ Man wat homself dronk drink, steel, jok of kwaadpraat, weet bv. nie hoe tragies die gevolge van sy voorbeeld in sy huis gaan wees nie!” Die letsels van die skade sal jare later nog in hul lewe voorkom.

ŉ Seun het ŉ pa nodig wat vir hom ŉ voorbeeld sal stel van hoe liefdevol ŉ man teenoor sy vrou optree. ŉ Seun moet by sy pa as rolmodel leer dat ŉ man nie skree op ŉ vrou nie. Dat jy nooit handgemeen raak teenoor ŉ vrou nie. Dat jy nooit jou vrou beledig nie en nooit haar waardigheid afkraak nie. Dat jy haar nooit as bediende sal misbruik nie. Dat jy haar as jou gelyke sal respekteer. Dat jou vrou die prinses in jou lewe is! Pa, jou kinders moet leer dat ’n man sy vrou soos ’n prinses behandel.

Het jy al gesien hoe sensitief kinders is oor die manier waarmee ouers mekaar hanteer? As ouers begin baklei gaan kruip kinders weg of soebat hul ouers om op te hou stry!
Voorbeeld: Selfs die hondjies in die huis kom agter as ouers baklei! Gee jou vrou ŉ drukkie, hou haar vas en soen haar en jy sal gou agterkom dat jou klein hondjie hier teen jou bene opgewonde staan blaf. Baklei egter met mekaar en jy sal sien die hond vlug onder die bed in!

2. Die man is Priester van sy gesin

- **Priesters word deur God tot hul amp gekies**.

Dit was ʼn blywende amp. (Lees Eks 29). So het God bv. vir Aaron en sy seuns geheilig om as priesters te dien. Daar was ʼn besondere wydings seremonie. Aaron kry spesiale klere***. "Bind die tulband om sy kop en sit die gewyde priesterkroon op die tulband. Vat olie en salf hom deur dit op sy kop uit te giet." (vers 6-7).***
Aaron en sy seuns is aan hul regter oorlel tot hul regtertoon met bloed gemerk. Hulle is van kop tot tone simbolies gereinig deur die bloed van die offer ram. Die bloed is ook oor hul klere gesprinkel (Eks.29:19- ev)
So word die man ook deur God geroep om as priester in sy huis op te tree. Dis ʼn heilige en verantwoordelike taak. Jou mandaat het jy van God self ontvang. God het aan jou die voorreg gegee om te trou en kinders by jou vrou te ontvang.

- **Priesters leef naby God**

Priesters moes heilig leef. **Hulle was die tussenganger** tussen God en die volk. Hulle moes heilig leef sodat hulle die offers wat die volk bring, aan God kon offer.

Ook jy is geroep om heilig te lewe.(lees kol.3:5-10)
Jy as man moet daarvan bewus wees dat Satan nie jou heilige lewenswandel kan verdra nie en groot versoekings oor jou pad gaan bring. Die grootste versoeking is seksuele losbandigheid. Die tweede is geld (1Tim.6:10). Die derde is die hunkering na mag (magsmisbruik). As jy in enige van hierdie of ander sondes vasgeval het wat jou heiligheid geskend het, bely dit dan eerlik voor God. Breek daarmee, maak klaar daarmee en begin weer om naby die Here te leef!

ʼn Man, moet heilig leef en vir sy eie en sy gesin se sondes by God intree. Die pa, is die priester van sy huis. Hy moet as tussenganger tussen God en sy gesin optree. Daarom is dit ʼn pa se verantwoordelikheid om daagliks in sy binnekamer vir sy gesin te bid. Dit is die pa se verantwoordelikheid om sy gesin byeen te bring en hulle in huisgodsdiens te lei.

- **ʼn Priester is nederig en dienend**

Die Bybel skets die rol van die Priester as die een wat nederig is en die volk dien. Jesus Christus is ons ewige Hoë Priester by God (Heb.4). Jesus het self ook die voorbeeld van dienende liefde gestel toe Hy sy dissipels se voete gewas het. ʼn Priester moet geduldig wees met die swakkes.
Daarom behoort pa's sy gesinslede te ondersteun waar hulle kan. ʼn Pa mag nie dink dat hy beter of belangriker is as die res van sy gesin nie. ʼn Goeie pa help sy

huisgesin met alles wat in sy vermoë is. (Daarom offer pa's dikwels baie geld, tyd en ander dinge op terwille van hul gesinne).

- **Priesters loop voor**

In die Ou Testament het die Priesters as God se verteenwoordigers voor geloop. Wanneer daar oorlog was, het hulle die aanval biddend en singend begelei. Ons lees in (***2Kron.13:12)*** dat die Priesters van Juda op die front van die gevegslinies was. Die weermag het trots verklaar: ***"Ons het die Here self by ons as leier, en sy priesters staan reg om die trompette te blaas dat die stryd teen julle kan begin..."*** Juda het daardie dag die oorlog teen Israel gewen omdat die Priesters hulle in biddende afhanklikheid van God gelei het.

In Josua 3 lees ons hoe Israel die beloofde land intrek en die Jordaanrivier oorsteek. Die Priesters moes die verbondsark dra en voor die volk uit beweeg. Toe hulle by die Jordaanrivier kom, het die water oor sy oewers geloop. Ons lees, "***toe die voete van die priesters wat die ark dra, in die vlakwater kom, het die water wat afkom, gaan staan" Jos.3:15*** Daarna lees ons hoe die hele volk op droë grond deurtrek terwyl die priesters daar in die rivierbedding bly staan.

Pa's behoort as priesters van God, dienend voor te loop in hul huisgesinne en seker te maak dat elke lid van die gesin veilig by Jesus kom. Dit is nie alleen 'n belofte wat ouers by die doopvont ten opsigte van hul kinders teenoor God maak nie, maar dit is ook die praktiese voorbeeld wat God van die man verwag. ***Efesiërs 5 sê dat 'n man teenoor sy vrou en kinders net so diensbaar moet wees soos Christus wat sy lewe vir Sy kerk afgelê het.***

3. Die man is 'n Profeet in sy huisgesin

- **'n Profeet kan net sê wat God sê.**

'n Profeet is iemand wat sê so sê die Here! 'n Profeet kan nie sy eie dinge verkondig nie. Die profeet het by God gehoor wat vir God kosbaar is en dan daardie boodskap suiwer deurgegee vir almal om te hoor.

'n Profeet moet dus in 'n innige verhouding met God leef. God sê in ***Num.12:6 "Luister as daar 'n profeet van die Here onder julle is maak Ek My aan hom bekend deur visioene en praat Ek met hom in drome. Maar met my dienaar Moses is dit anders. Hy is die betroubaarste in my diens. Met hóm praat ek direk en persoonlik"***
Pappa, hoe lyk jou verhouding met Jesus? Kan jy met God praat en hoor hoe God jou huisgesin wil lei...

- **ʼn Profeet is nie bang nie, hy waarsku betyds**

ʼn Profeet is nie bang om standpunt vir God se eer in te neem nie (Al staan hy ook alleen).

Voorbeeld: Elia tree as Profeet van God op en bring almal op die berg Karmel bymekaar. *1Kon.18:21sê:* ***"Elia het voor die hele volk gaan staan en gesê: 'Hoe lank hou julle aan met hink op twee gedagtes? As die Here God is, volg Hóm; maar as dit Baäl is, volg hom.'***

Pa, jy moet weer jou profetiese rol in jou huis opneem. Praat woorde wat geestelik opbou, bemoedig en vertroos (vgl.1Kor.14:3). Praat met jou gesin oor wat reg en verkeerd is. Moenie bang wees vir kritiek wat jy jou op die hals gaan haal nie. Elia was nie bang nie, Jesus Christus was nie bang nie, Paulus was nie bang nie, so waarom is jy bang om ʼn opbouende standpunt in te neem en jou mense tot ʼn heilige lewe op te roep?

Die man moet as hoof van die huis duidelike leiding gee. Hy moet die ramshoring in die huis blaas en sy gesin waarsku teen gevaar as dinge verkeerd begin loop. Hy moet verkeerde vriende en sondige gewoontes uitwys, want dit kan ʼn hele gesin verwoes!
Ons lees in die Bybel van die profeet Eli, wat nie sy seuns teen hulle sonde gewaarsku en hulle gedissiplineer het nie. Die gevolg was: God het Eli se familie vir altyd gestraf ! (1Sam.3:12-13)

ʼn Man moet voorloop in sy gesin. Die sondes uitwys, en sy gesin oproep tot aanbidding en toewyding aan God. Daarom het die geskiedenis bewys, as geestelike herlewing by die man begin, loop dit oor na die hele huisgesin en spoel dit oor tot in die werkplek, want gelowige mans is nie bang om God se profetiese stem te laat hoor nie!

- **ʼn Profeet onderrig sy mense**

Deut.6:4-9 sê prontuit dat iemand wat die Here liefhet, tydig en ontydig by sy huis, op pad, by die werk en waar hy ook al gaan, sy kinders van God sal leer!

Sommige pa's het vandag nie vrymoedigheid om met hul kinders oor Jesus te praat nie. Die rede daarvoor is omdat hul eie stiltetyd verwaarloos word en hulle self nie ʼn verhouding met God het nie. ʼn Profeet moet in ʼn verhouding met God leef om ander te kan lei. **Pa, as jy te besig is en nie tyd kry om self stiltetyd te hou nie, en te besig is om tyd te maak om met jou kinders oor Jesus te praat, moet jy**

weet jou prioriteite is skeef. Stel dit dan dadelik reg! Jy is geroep as profeet om jou gesin ’n liefde vir God te leer.

- **’n Profeet stel die voorbeeld**

Dit is die man wat moet toesien dat sy huisgesin die Here dien. Josua het gesê: ***“...kies dan vandag wie julle wil dien: die gode wat julle voorvaders gedien het anderkant die Eufraat, of die gode van die Amoriete in wie se land julle woon. Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien.”(Jos.24:15)***

Klink dit vir jou of Josua onseker was oor wat in sy familie gaan gebeur? Wie dink jy het voor geloop in sy familie? Gaan kyk maar hoe lyk dit in gesinne waar die pa nie meer sy profetiese rol nakom nie! Daardie gesinne hou die meer huisgodsdiens nie. Niemand gee meer om of die kinders hul Bybel lees nie. Die ouers steur hulle nie meer aan die kerk nie. Die gevolg is dat hul kinders ook nie meer kerk toe gaan nie!

’n Pa wat sy huis liefhet en vir God liefhet, sal sy gesin elke Sondag kerk toe bring.

Pa, ***neem jou verantwoordelikheid weer op en beoefen jou taak as koning, priester en profeet van jou huisgesin!*** Bring jou huisgesin na die Here en die Here sal jou en jou huis seën.

Pa, en as jy vandag skaam is en besef dat jy nie koning, priester en profeet vir jou huisgesin was nie, erken dit en vra jou vrou en kinders omverskoning. Dit is goed dat kinders ook by hul pa leer hoe maak ’n mens ’n fout reg. Waar anders sal jou kind ’n rolmodel vind by wie hulle kan leer om te sê: ” Ek is jammer, vergewe my...”

Neem nou ’n besluit in jou hart. Staan op en neem jou koninklike, profetiese en priesterlike taak in jou huis op!

Amen